

Saterdag 2 September

Skrifgedeelte: Jakobus 4:13-17 (AFR83)

Fokusgedeelte: Jakobus 4:15

Leef in gemeenskap met God sodat jou beplanning altyd volgens sy wil is

Wie nalaat om DV (*Deo Volente* – as God wil) in ag te neem met sy beplanning van die toekoms, leef outonoom en skuif God uit sy daaglikse lewe uit. Hy kan nog Bybel lees, bid en kerk toe gaan, maar sy lewe is onafhanklik van God en word volgens sy eie insig beplan en bestuur. Sulke optrede is hoogmoedig en onteer God. Diegene wat so leef sonder God, vergeet dat die mens se lewe maar soos 'n miswolke is wat voor die son van die Heilige God verdwyn.

Jakobus kontrasteer die selfversekerde handelaars met hulle kortstondige lewe. Hulle weet nie eers of hulle nog môre gaan leef nie en is nie in beheer van die gang van die geskiedenis nie. Hulle is hoogmoedig en dink hulle kan alles doen. Jakobus bevestig dat die mens se lewe maar 'n damp is wat 'n oomblik verskyn en dan weer verdwyn. Juis omdat ons lewens so kort is, moet ons voor God neerbuig wat alles regeer en alles bepaal in die geskiedenis. Ons moet ons kortstondige lewe in sy ewigheid plaas en saam met Hom leef.

Wie nou afhanklik van Hom lewe, leef ewig saam met Hom. Daar moet altyd 'n DV voor ons beplanning van ons dagtaak en lewens wees in erkenning en in vertroue op Hom wat alles bestier en beskik. Wie sonder God wil lewe, of sy daaglikse lewe onttrek aan die heerskappy van Christus, sondig voor die Here.

Dit is 'n heerlike voorreg om te leef en te beplan in gemeenskap met die Almagtige God wat oor alles beskik en ons nietige lewens deur die soendood van Jesus Christus verander in 'n lewe in ewigheid saam met Hom. Dan sal jy dankbaar wees in voorspoed, geduldig in teëspoed en Hom altyd loof.

Sing: Psalm 95-2:3

Dr. SJ van der Merwe (Sarel) (emeritus)